



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

FEBRUARIE/MAART 2011

MEMORANDUM

PUNTE: 300

Hierdie memorandum bestaan uit 16 bladsye.

VRAAG 1

1.1 Verduidelik waarom 'n besigheid elke jaar 'n Kontantbegroting moet voorberei.

Enige geldige verduideliking ✓✓

'n Besigheid moet vir toekomstige ontvangste en betalings beplan om te verseker dat hulle genoeg kontant het of om vir 'n oortrekking/lening te reël.

2

1.2 Bereken die syfers soos aangedui deur A – E in die Kontantbegroting.

A	R123 000 ✓
B	R168 000 ✓
C	(R250 000) ✓
D	R168 000 ✓
E	(R82 000) ✓

5

1.3 Die huurinkomste is vanaf 1 Januarie 2011 met 8% verhoog. Bereken die huurinkomste-syfer vir Januarie 2011.

$9\,000 \checkmark \times 1,08\% \checkmark = R9\,720 \checkmark$

3

1.4 Bereken die persentasieverhoging wat aan die werkers vanaf 1 Januarie 2011 toegeken is.

$4\,200 \checkmark / 105\,000 \checkmark \times 100 = 4\% \checkmark$

Sal die werkers, na jou mening, met hierdie verhoging tevrede wees? Verduidelik kortliks.

Ja/Nee ✓

Enige geldige verduideliking ✓✓

Voorbeeld: Hierdie verhoging van 4% is laer/hoër as die inflasiekoers.

6

1.5 As die interne ouditeur ontdek jy dat die werklike motorvoertuiguitgawes vir Desember 2010 R5 420 was. Noem TWEE punte wat jy in jou interne ouditeursverslag aan Alfred sal insluit.

TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

Moontlike antwoorde:

- Die werklike motorvoertuiguitgawes vir Desember van R5 420 het die begrote bedrag van R4 000 oorskry. 'n Verskil van R1 420.
- Alfred behoort die gebruik van voertuie te ondersoek om te verseker dat die voertuie verantwoordelik gebruik word.
- Alfred behoort te verseker dat die voertuie gereeld gediens word om te verhoed dat die voertuie breek, asook ander verwante uitgawes te voorkom.

4

1.6 Bereken die rente betaalbaar aan Eastbank in Februarie 2011.

$$139\ 500 \times 80\% = 111\ 600 \checkmark\checkmark \times 11\% \checkmark / 12 \checkmark = R1\ 023 \checkmark$$

Bereken die maandelikse terugbetalings van die kapitaalgedeelte van die lening aan Eastbank.

$$111\ 600 \checkmark / 36 \text{ maande } \checkmark = R3\ 100 \checkmark$$

8

1.7 Bereken die verwagte ontvangste van debiteure vir Januarie 2010.

$$R225\ 000 \checkmark / 75\% \checkmark = R300\ 000$$

$$R300\ 000 \checkmark \times 25\% \checkmark = R75\ 000 \checkmark \times 95\% \checkmark = R71\ 250 \checkmark$$

7

TOTALE PUNTE
35

VRAAG 2

2.1

SA Handelaars vereis dat hulle nuwe kliënte persoonlike besonderhede, insluitend bewys van woonadres, moet voorsien voordat rekeninge oopgemaak kan word. Verduidelik kortliks waarom dit nodig is. (Noem TWEE punte.)

Enige TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

Moontlike verduideliking:

- Dit is noodsaaklik vir 'n besigheid om die adresse te ken sodat rekeningstate aan debiteure vroegtydig versend kan word om te verseker dat hulle betyds betaal.
- Indien enige debiteure nie hulle rekeninge vereffen nie, sal dit vir die besigheid nodig wees om regsaksie teen hulle te neem. In sulke gevalle is die woonadresse noodsaaklik om regsdokumente op hulle te dien.
- Die Nasionale Kredietwet vereis dat besighede verseker dat 'n moontlike debiteur dit kan bekostig om op krediet te koop. Woonadresse is deel van die persoonlike geskiedenis van 'n klant.

4

2.1

Stel die korrekte Debiteurelys op 31 Augustus 2010 op.

Debiteurelys op 31 Augustus 2010		R
Sunnyside Handelaars (17 600 ✓ + 165 ✓ + 2 310 ✓ + 13 200 ✓)		✓33 275
Thembisa Handelaars (55 473 ✓ - [3 080 ✓ + 3 080 ✓] - 13 200 ✓ + 350 ✓)		✓36 463
Tildai Verskaffers (3 400 ✓ - 2 124 ✓)		✓ 1 276
Mondo Winkels (660-660)		✓✓ Nil
		☑71 014

Lys van aansuiwerings tot Debiteurekontrolerekening

Bedrag	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer
R165 ✓	Debiteurekontrole ✓	Rente-inkomste ✓
R2 310 ✓	Debiteurekontrole ✓	BTW-uitset/kontrole ✓
R2 124 ✓	Krediteurekontrole ✓	Debiteurekontrole ✓

26

TOTALE PUNTE
35

VRAAG 3

3.1

3.1.1	Waar ✓✓	
3.1.2	Onwaar ✓✓	
3.1.3	Onwaar ✓✓	
3.1.4	Waar ✓✓	
3.1.5	Onwaar ✓✓	
		10

3.2.1

Bereken die waarde van grondstowwe voorhande op 28 Februarie 2010 deur die EIEU-metode te gebruik.	
$105\,600 \checkmark + (2\,100 \checkmark \checkmark \times R42 \checkmark) = 193\,800 \checkmark$	5

3.2.2

Bereken die waarde van grondstofkoste wat in die Produksiekostestaat sal verskyn.	
$21\,000 \checkmark + 490\,600 \checkmark - 193\,800 \checkmark = 317\,800 \checkmark$	4

3.3

Bereken die waarde van direkte-arbeidskoste wat in die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010 sal verskyn.									
<table style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr> <td style="width: 50%;">Gewone tyd = 5 x 5 000 x 12 =</td> <td style="width: 50%; text-align: right;">R300 000 ✓✓</td> </tr> <tr> <td>Oortyd = 180 x 70 x 5 =</td> <td style="text-align: right;">R63 000 ✓✓</td> </tr> <tr> <td>WVF + Pensioen = 300 000 x 11%</td> <td style="text-align: right;"><u>R33 000 ✓✓</u></td> </tr> <tr> <td></td> <td style="text-align: right;">R 396 000 ✓</td> </tr> </table>	Gewone tyd = 5 x 5 000 x 12 =	R300 000 ✓✓	Oortyd = 180 x 70 x 5 =	R63 000 ✓✓	WVF + Pensioen = 300 000 x 11%	<u>R33 000 ✓✓</u>		R 396 000 ✓	7
Gewone tyd = 5 x 5 000 x 12 =	R300 000 ✓✓								
Oortyd = 180 x 70 x 5 =	R63 000 ✓✓								
WVF + Pensioen = 300 000 x 11%	<u>R33 000 ✓✓</u>								
	R 396 000 ✓								

3.4.1

Bereken die totale produksiekoste van voltooide goedere.	
$317\,800 \checkmark + 396\,000 \checkmark + (67,55 \checkmark \times 4\,000 \checkmark)$	
$= R984\,000 \checkmark$	5

3.4.2

Bereken die eenheidskoste van produksie (per reënjas).	
$R984\,000 \checkmark / 4\,000 \checkmark = R246 \checkmark$	3

3.5.1

Identifiseer die getal meter grondstofmateriaal wat waarskynlik vermis word.	
$9\,100 \checkmark - (1,8 \checkmark \times 4\,000 \checkmark) = 1\,900 \text{ meter } \checkmark \checkmark$	5

3.5.2 Buiten diefstal, voorsien EEN baie waarskynlike rede vir die tekort.

Geldige rede ✓✓

Moontlike redes:

- Vermorsing gedurende produksie
- Ongeskoolde werkers
- Onbruikbare materiale/afvalstukke

Watter raad kan jy aan Java in hierdie verband gee? Noem EEN punt.

Raad ✓✓

- Beter toesig gedurende produksie
- Beheer oor toekenning van grondstowwe
- Opleiding van werkers
- Gebruik goeie gehalte materiaal

4

3.6.1 Bereken die gelykbreekpunt vir die huidige finansiële jaar.

$$\frac{\text{Vaste koste}}{\text{VP per eenheid} - \text{Veranderlike koste per eenheid}}$$

$$\frac{350\,200 \checkmark}{350 \checkmark - 215,95 \checkmark}$$

$$\frac{350\,200}{134,05}$$

$$2\,612,45$$

$$2\,613 \text{ eenhede } \checkmark$$

4

3.6.2 Die gelykbreekpunt vir 2009 was 2 273 eenhede. Behoort Java tevrede of ontevrede te wees met die gelykbreekpunt vir 2010, soos bereken in VRAAG 3.6.1? Verduidelik kortliks.

Java behoort tevrede te wees. ✓

Die besigheid het 4 000 eenhede geproduseer terwyl die gelykbreekpunt 2 613 eenhede is. ✓✓

OF Ontevrede ✓ die gelykbreekpunt van 2 613 eenhede is hoër as 2 273 in 2009. ✓✓

3

TOTALE PUNTE
50

VRAAG 4.1

4.1 Kies 'n verduideliking uit KOLOM B om by 'n konsep in KOLOM A te pas.

KOLOM A	KOLOM B
4.1.1	C ✓✓
4.1.2	D ✓✓
4.1.3	B ✓✓
4.1.4	A ✓✓

8

**4.2 Algemene Grootboek van Manic Beperk
Bateverkoperekening**

2010 Maart	1	Toerusting ✓	✓✓ 492 000	2010 Maart	1	Opgehoopte waardevermindering op toerusting ✓	☑☑ 122 000
						Bank ✓	✓✓ 370 000
			492 000				492 000

9

4.3 Noem die DRIE belangrikste besluite wat die direkteure gedurende die jaar geneem het. Haal in elke geval syfers uit die Kontantvloeistaat aan.

Vaste bates aangekoop vir R4 858 000 ✓✓
 Lenings bekom vir R2 600 000 ✓✓
 Aandele uitgereik vir R980 000 ✓✓

Lewer kommentaar op enige TWEE interessante punte wat in die Kontantvloeistaat getoon is. Noem TWEE punte en haal syfers aan om jou antwoord te ondersteun.

Enige TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

Moontlike antwoorde:

- Die noemenswaardige toename in vaste bates (R2 600 000) behoort tot die voordeel van die maatskappy in die toekoms te wees deur die vermoë om groter winste te skep.
- Die bedryfsaktiwiteite het 'n positiewe kontantvloei van R1 370 000 gegenereer voor rente, dividende en inkomstebelasting betaal is.
- Die noemenswaardige toename in lenings van R2 600 000 sal 'n bekommernis wees want OOTKA van 12,8% is laer as die rentekoers op die lening van Hard Bank.
- Die afname in kontantbronne van R50 000 tot R20 000 kan 'n klein bekommernis wees, veral omdat die beleggings ook met R140 000 verminder het.

10

4.4 Bedryfswins op omset

$650\,000 \checkmark / 2\,730\,000 \checkmark \times 100 = 23,8\% \checkmark$

Vuurproefverhouding

$(610\,000 \checkmark - 410\,000 \checkmark) : 360\,000 \checkmark = 0,56 : 1$ or $0,6 : 1 \checkmark$

OF

$180\,000 + 20\,000 : 360\,000 = 0,56 : 1$ or $0,6 : 1$

Verdienste per aandeel

$R308\,000 \checkmark / 1\,500\,000 \checkmark \checkmark \text{ aandele} = 20,5 \text{ sent} \checkmark$

11

4.5 Lewer kommentaar op die maatskappy se bedryfsdoeltreffendheid vir die jaar geëindig 30 Junie 2010. Haal TWEE finansiële aanwysers of syfers aan om jou kommentaar te ondersteun.

Noem TWEE relevante finansiële aanwysers ✓ ✓
 Aanhaal van syfers ✓ ✓
 Noem van neigings ✓ ✓

Moontlike antwoorde:

- Bedryfsuitgawes op verkope het verbeter van 33,1% tot 28,6% wat beter beheer oor bedryfsuitgawes toon.
- Bedryfswins op verkope het verbeter van 17,5% tot 23,8% wat aandui dat die winsgewindheid van die besigheid verbeter het.
- Netto wins na belasting op verkope het verbeter van 8,2% tot 11,3% wat aandui dat die winsgewendheid verbeter het selfs na die betaling van rente en belasting.

6

4.6 Lewer kommentaar op die likiditeit van die maatskappy vir die jaar geëindig 30 Junie 2010. Haal DRIE finansiële aanwysers of syfers aan om jou kommentaar te ondersteun.

Noem DRIE relevante finansiële aanwysers ✓ ✓ ✓
 Aanhaal van syfers ✓ ✓ ✓
 Noem van neigings ✓ ✓ ✓

- Bedryfsverhouding is ongeveer dieselfde vir albei jare (1,9 : 1 tot 1,7 : 1) – Dit dui aan dat bedryfsbates meer as bedryfslaste is. (LW. geen norm – die besigheid het met ongeveer dieselfde verhoudings vir die afgelope twee jaar bestaan.)
- Vuurproefverhouding is ongeveer dieselfde vir beide jare (0,6 : 1 tot 0,7 : 1). Alhoewel likiede bates minder as die bedryfslaste is, kan die besigheid sy huidige skulde vereffen want dit het op ongeveer dieselfde verhoudings vir die afgelope twee jaar bestaan.
- Voorraadperiode het agteruitgegaan van 85 dae tot 136 dae. Dit kan druk op kontantbronne plaas omdat voorraad nie so spoedig soos in die vorige jaar verkoop word nie.
- Debiteure-invorderingsperiode het van 30 dae tot 23 dae verbeter. Dit sal die kontantvloeisituasie help, aangesien debiteure hulle skuld gouer as in die vorige jaar betaal.
- Krediteure-terugbetalingsperiode het van 42 dae tot 38 dae verminder. Hierdie syfer sal teen die kredietterme gekontroleer moet word om te verseker dat die maatskappy se kredietbeoordeling nie negatief geaffekteer word nie.

9

4.7 Lewer kommentaar op die opbrengs, verdienste en dividende wat deur die aandeelhouers verdien is vir die jaar geëindig 30 Junie 2010. Haal DRIE finansiële aanwysers of syfers aan om jou kommentaar te ondersteun.

Noem DRIE relevante finansiële aanwysers ✓ ✓ ✓
 Aanhaal van syfers ✓ ✓ ✓
 Noem van neigings ✓ ✓ ✓

VPA het van 18 tot 20,5 sent per aandeel verbeter.

DPA het van 12 tot 26 sent per aandeel verbeter.

Alhoewel hierdie aanwysers 'n verbetering aandui, sal die aandeelhouers bekommerd wees dat die maatskappy meer dividende uitbetaal as wat verdien is. Dit beteken dat die maatskappy nie van sy huidige winste vir toekomstige uitbreiding behou nie.

OOAB het van 7,2% tot 8,6% verbeter. Alhoewel daar 'n verbetering was, is die opbrengs nie meer as opbrengs op alternatiewe beleggings nie en sal dus nie die aandeelhouers tevrede stel hie.

9

4.8.1 Verduidelik jou mening oor die teenwoordigheid van aandeelhouers by die AJV.

Goeie antwoord = 3 punte; bevredigende antwoord = 2 punte;
 swak antwoord = 1 punt; foutiewe antwoord = 0 punte ✓✓✓

Verwagte antwoord:

Die aandeelhouers behoort almal te probeer om die AJV by te woon of ten minste 'n gevolmagtigde persoon in sy/haar plek aanstel om besluite namens hom/haar by die AJV te neem. Die aandeelhouers stel die direkteure aan en die direkteure neem daaglikse besluite. Wanneer die aandeelhouers nie die AJV bywoon nie, handig hulle meer beheer oor aan die direkteure.

3

4.8.2 Wat word met 'n gekwalifiseerde ouditverslag bedoel? Verduidelik.

Verwagte antwoord: ✓✓

Die onafhanklike ouditeure meld veral die aspek van die finansiële state wat van groot bekommernis vir hulle is.

Hoe affekteer hierdie soort verslag die maatskappy en die aandeelhouers? Verduidelik.

Verwagte antwoord: ✓✓

Die aandeelhouers sal nie op sekere aspekte van die finansiële state kan staatmaak wanneer hulle besluite oor hulle belegging in die maatskappy neem nie. Die maatskappy sal 'n slegte reputasie kry en dit sal hulle vermoë om verdere kapitaal of toekomstige besigheid te bekom beïnvloed.

Waarom het die onafhanklike ouditeurs 'n gekwalifiseerde verslag met betrekking tot hierdie bate uitgereik? Verduidelik.

Verwagte antwoord: ✓✓

Die ouditeure is skynbaar nie gelukkig dat dit 'n ware besigheidsbate is nie. Die aankoop het die lenings wat bekom is, geaffekteer en dit het 'n uitwerking op die winste wat verdien is. Die direkteure het hierdie bate wanvoorgestel in die balansstaat en in die verslag van direkteure. Die direkteure trek 'n voordeel uit hierdie bate wat in die finansiële state verklaar moet word en dit kan belastingimplikasies hê.

6

4.8.3 Verduidelik waarom baie van die aandeelhouers sal dink dat die langtermynvooruitsigte van die maatskappy bedreig word. Noem korporatiewe bestuur in jou antwoord.

Verwagte antwoord: ✓✓ ✓✓

'n Noemenswaardige bate is aangekoop wat blykbaar nie die maatskappy in die toekoms gaan bevoordeel hie – lenings is bekom om dit te finansier en rente sal op hierdie lenings betaal moet word.

Die HUB is 'n 60%-verhoging in sy vergoedingspakket gegee ten spyte daarvan dat die maatskappy oor die afgelope paar jaar nie geweldig goed presteer het nie. Dit kan wees dat die HUB die vergoedingskomitee manipuleer om sy eie agendas te ondersteun.

4

TOTALE PUNTE
75

VRAAG 5**5.1 Algemene Grootboek van Headwork Beperk
SAID (INKOMSTEBELASTING)**

2009 Okt	30	Bank ✓		✓ 11 000	2009 Okt	1	Saldo	a/b	✓ 11 000
		Bank ✓		✓ 115 000	2010 Sept	30	Inkomste- belasting ✓		✓ 243 600
		Bank ✓		<input checked="" type="checkbox"/> 109 200					
		Saldo	o/d	✓ 19 400					
				254 600	<input checked="" type="checkbox"/>				254 600
					2010 Okt	1	Saldo	a/b	<input checked="" type="checkbox"/> 19 400

12

5.2.1 NOTAS TOT DIE BALANSSTAAT**Nota 1. Behoue inkomste**

Saldo aan die begin van die jaar	✓960 000	
Netto wins na belasting ✓	✓626 400	
Dividende vir die jaar ✓	<input "="" checked="" type="checkbox"/> 1 294 400	10

Nota 2. Handels- en ander betaalbare bedrae

Handelskrediteure	✓87 500	
Uitgawes betaalbaar (opgeloop)	✓50 400	
Inkomste vooruit ontvang	✓✓✓8 720	
SAID (Inkomstebelasting)	<input checked="" type="checkbox"/> 19 400	
Aandeehouers vir dividende	<input checked="" type="checkbox"/> 180 000	
	<input checked="" type="checkbox"/> 346 020	8

5.2.2

BALANSSTAAT OP 30 SEPTEMBER 2010

BATES		R
Vaste bates		4 606 000
Bedryfsbates		846 900
TOTALE BATES		5 452 900
EKWITEIT EN LASTE		
Aandeelhoudersbelang		<input checked="" type="checkbox"/> 4 274 400
Gewone aandeelhouderskapitaal 900 000 ✓ x R3,00 ✓		✓ 2 700 000
Aandelepremie 100 000 ✓ x R2,80 ✓		✓ 280 000
Behoue inkomste	Nota 1	<input checked="" type="checkbox"/> 1 294 400
Niebedryfsbates		<input checked="" type="checkbox"/> 708 000
Lening van City Bank		708 000
880 000 ✓ + 103 600 ✓ – 189 600 ✓ – 86 000 ✓		
Bedryfslaste		✓✓ 470 500
Handels- en ander betaalbare bedrae	Nota 2	<input checked="" type="checkbox"/> 346 020
Huidige gedeelte van lening (kan in Nota 2 getoon word)		✓ <input checked="" type="checkbox"/> 86 000
Oortrokke bankrekening		<input checked="" type="checkbox"/> <input checked="" type="checkbox"/> 38 480
TOTALE EKWITEIT EN LASTE		✓ 5 452 900

21

5.3.1	<p>Bereken die netto batewaarde per aandeel.</p> <p>R4 274 400 <input checked="" type="checkbox"/> / 900 000 <input checked="" type="checkbox"/> aandeel = 474,9 sent <input checked="" type="checkbox"/></p>	<table border="1"> <tr><td> </td></tr> <tr><td>3</td></tr> </table>		3
3				
5.3.2	<p>Bereken die skuld-ekwiteit-verhouding.</p> <p>R708 000<input checked="" type="checkbox"/> : R4 274 400 <input checked="" type="checkbox"/> = 0,16 : 1 or 0,2 : 1 <input checked="" type="checkbox"/> OF R794 000<input checked="" type="checkbox"/> : R4 274 400 <input checked="" type="checkbox"/> = 0,19 : 1 or 0,2 : 1</p>	<table border="1"> <tr><td> </td></tr> <tr><td>3</td></tr> </table>		3
3				
5.4	<p>Sou jy tevrede wees met die uitreiking van die nuwe aandeel op 1 April teen 'n premie van R2,80? Verduidelik TWEE punte deur syfers of finansiële aanwysers aan te haal om jou antwoord te staaf.</p> <p>Ja / Nee: Ja <input checked="" type="checkbox"/></p> <p>Verduideliking: TWEE punte <input checked="" type="checkbox"/> <input checked="" type="checkbox"/> <input checked="" type="checkbox"/> Aanhaal van syfers <input checked="" type="checkbox"/> <input checked="" type="checkbox"/> <i>Enige TWEE geldige punte b.v.</i></p> <p>Die uitreikprys van R5,80 is hoër as die waarde van die aandeel volgens die boeke (NBW van R4,75) – dit verbeter die waarde van die aandeel in die boeke.</p> <p>Die uitreikprys van R5,80 is ongeveer dieselfde as die markprys van R5,75 – die direkteure het die nuwe aandeel teen 'n realistiese waarde verkoop.</p> <p>Die aandeelhouers wat die aandeel gekoop het toe die maatskappy gestig is, het 'n risiko teen 'n waarde van R3,00 geneem – die publiek is nou bereid om R5,75 vir daardie aandeel te betaal – dit is redelik teenoor die huidige aandeelhouers, want die nuwe aandeelhouers betaal 'n realistiese prys sonder om die aanvanklike risiko te neem.</p>	<table border="1"> <tr><td> </td></tr> <tr><td>7</td></tr> </table>		7
7				
5.5	<p>Lewer kommentaar op die risiko en hefboom van die maatskappy. Verduidelik TWEE punte en haal syfers of finansiële aanwysers aan om jou antwoord te ondersteun.</p> <p>TWEE punte <input checked="" type="checkbox"/> <input checked="" type="checkbox"/> <input checked="" type="checkbox"/> Aanhaal van syfers <input checked="" type="checkbox"/> <input checked="" type="checkbox"/> <i>Enige TWEE geldige punte b.v.</i></p> <p>Die skuld-ekwiteit-verhouding van 0,2 : 1 is laag, wat aandui dat die maatskappy nie geweldig deur ekwiteit gefinansier is nie; dit beteken dat dit in 'n laerisiko-posisie is.</p> <p>Die OOTKA van 23% oorskry die rentekoerse van tussen 13% en 15% wat beteken dat die maatskappy sy opbrengs aan aandeelhouers kan verhoog deur van geleende fondse gebruik te maak.</p>	<table border="1"> <tr><td> </td></tr> <tr><td>6</td></tr> </table>		6
6				

TOTALE PUNTE
70

VRAAG 6

6.1.1

Bereken die waarde van die eindvoorraad deur die gewegedegemiddelde-metode te gebruik.

$$(R2\ 880 \checkmark + R58\ 560 \checkmark) / (320 \checkmark + 4\ 800 \checkmark) \times 2\ 400 \checkmark$$

$$= R61\ 440 / 5\ 120 \times 2\ 400$$

$$= 12 \times 2\ 400$$

$$= R28\ 800 \checkmark$$

6

6.1.2

Berekening van:**Koste van verkope:**

$$2\ 880 \checkmark + 58\ 560 \checkmark - 210 \checkmark - 28\ 800 \checkmark$$

$$= R32\ 430 \checkmark$$

Bruto wins:

$$57\ 240 \checkmark - 32\ 430 \checkmark = R24\ 810 \checkmark$$

8

6.1.3

Winsopslagpersentasie:

$$24\ 810 \checkmark / 32\ 430 \checkmark \times 100$$

$$= 76,5\% \checkmark$$

3

6.1.4

Gemiddelde voorraadomsetsnelheid:

$$R32\ 430 \checkmark / \frac{1}{2} \checkmark (2\ 880 \checkmark + 28\ 800 \checkmark) = 2 \checkmark$$

$$= 32\ 430 / 15\ 840 = 2,05 \text{ of } 2,1$$

5

6.2

Produk	Probleem geïdentifiseer	Voorstelle	
Energiedrankies	<p><i>Oorskatte aanbod (het tot hoë vlak van voorraad gelei) ✓✓</i> <i>Hoë winsopslag ✓✓</i></p> <p>Hoë vlak van eindvoorraad (2 400 eenhede), waarde R28 800.</p> <p>Alle bestellings is bevredig (2 700 eenhede) wat aandui dat aanbod oorskot was.</p> <p><i>Hoë winsopslag-% (74,9%) het tot laer as verwagte aanbod gelei.</i></p>	<p><i>Enige EEN geldige voorstel ✓✓</i></p> <p>Verminder die winsopslag-% (of staan kortings toe) om verkoopsvolumes te verhoog en sodoende die voorraadvlakke te verminder.</p> <p>Bestel slegs wat benodig word.</p>	6
Energiestafies	<p><i>Voorraad is gesteel ✓✓</i> <i>Lae vlak van voorraad voorhande ✓✓</i></p> <p>Tekort aan beheer oor voorraad (4 000 eenhede vermis).</p> <p>Lae vlak van voorraad voorhande (4 dae); dit beteken dat toekomstige bestellings moontlik nie bevredig kan word nie.</p>	<p><i>Enige EEN geldige voorstel ✓✓</i></p> <p>Stel interne beheer-maatreëls oor die voorraad in, om diefstal te voorkom, bv. gereelde tel van voorraad, dokumentasie, verdeel van pligte.</p>	6
Pette	<p><i>Werksdae genoem ✓✓</i> <i>Tekort aan voorraad om bestellings te bevredig ✓✓</i></p> <p>Cathy het slegs 180 dae uit die 240 beskikbare dae gewerk.</p> <p>As gevolg van haar afwesigheid en die tekort aan beheer van die beskikbare voorraad, het Cathy nie voordeel getrek uit al die bestellings wat geplaas is nie (het slegs 3 500 eenhede voorsien teenoor die 7 000 eenhede wat bestel is). Dit beteken dat die bruto wins kon verdubbel het.</p>	<p><i>Enige EEN geldige voorstel ✓✓</i></p> <p>Cathy se teenwoordigheid moet gemonitor word en die bestelling van voorraad moet beter beplan word.</p>	6

TOTALE PUNTE
40

TOTAAL: 300